

ALGEMENE KOMMENTAAR:

Soos vorige jare, het die meeste kandidate hulle nie voldoende vir die eksamen voorberei nie. Die (rou) punte op die antwoordskrifte is bewys daarvan. Baie kandidate het nie die eksamenvoorskrifte met insig gelees nie.

Heelwat kandidate het instruksie nommer 6, wat die aantal vrae wat beantwoord moet word (6 vrae uit 'n totaal van 9), geïgnoreer.

In gevalle waar meer as die vereiste ses vrae beantwoord is, het dit telke male gebeur dat die vrae wat die kandidate die beste in gevaar het, nie gemerk/nagesien is nie omdat dit oorbodig/oortallig was.

In 'n paar gevalle het kandidate nie genoegsame spasie tussen vrae en afdelings gelaat nie. Dit het die nasien van vrae baie moeilik gemaak. Oorsigtelik was die prestasie van kandidate, wat die eksamen afgelê het, teleurstellend.

AFDELING A: VRAAG 1 (VERPLIGTEND)

Die vraestel het vanjaar dieselfde patroon as in vorige jare gevolg, m.a.w. gee een word vir 'n frase; waar/onwaar antwoorde; vergelyk kolom A & B; ens. Alhoewel meeste kandidate met die tipe vrae gemaklik behoort te wees, het hulle antwoorde die teendeel bewys en was dit buite hulle bereik. In baie gevalle het kandidate vrae in hierdie afdeling na willekeur beantwoord en nie eers al die afdelings beantwoord nie.

AFDELING B:**VRAAG 2 (VENNOOTSKAPPE)**

Alhoewel heel basies en 'n gewilde keuse by meeste kandidate, het onderafdelings 2.1; 2.4 en 2.5 dit vir kandidate moeilik gemaak om hoë punte te behaal. Dieselfde antwoorde is herhaaldelik in die verskillende onderafdelings van die vraag gegee. Dit is duidelik bewys dat kandidate nie die verskillende onderafdelings van die vraag verstaan het nie.

VRAAG 3 (HUUR VAN ONROERENDE EIENDOM)

Afgesien van afdeling 3.2 (die verhuurder se plig om die huurder se reg tot onder(ver)huring te erken) is die vraag oor die algemeen nie sleg beantwoord nie. Meeste kandidate het die onderafdeling entoesiasies aangedurf, maar helaas die punt gemis aangesien te veel veralgemenings gemaak is en te min feitelike idees vorendag gekom het!

VRAAG 4 (BESLOTE KORPORASIES)

Deur die voorgeskrewe BK1 vorm (registrasiedokument vir 'n beslote korporasie) te verskaf, was hierdie vraag veronderstel om verskillend van die ander vrae te asook genotvol te wees. In plaas hiervan het dit in baie gevalle op 'n algehele ramp afgestuur.

Baie kandidate het nie geweet hoe om die vraag te benader nie en het eenvoudig begin deur die BK1 vorm op hul eie te voltooi. Indien hulle die instruksies noukeurig sou lees en tyd spandeer om hulself van die doel van die vorm te vergewis, sou hulle die geleentheid gehad het om hoë punte te behaal.

Die vraag rondom die BK1 vorm was veronderstel om as 'n "begripstoets" te dien waardeur kandidate sinsnedes uit die vorm kon neem om hul antwoorde te staaf/te steun. Ongelukkig is dit nie gedoen nie.

Meeste kandidate het eenvoudig die BK1 vorm begin voltooi, ten spyte daarvan dat daar geen instruksie of inligting in die verband was nie.

Die oorsigtelike uitslag van hoe die vraag beantwoord is, was teleurstellend.

VRAAG 5 (MAATSKAPPYE)

Hierdie afdeling van die sillabus word altyd as die moeilikste beskou. Ons moet nie uit die oog verloor dat ons hier met Maatskappye te make het nie!

Om reg aan bogenoemde te laat geskied, was die beantwoording van die vraag in die meeste gevalle 'n ramp oftewel 'n swak poging deur kandidate wat die vraag aangedurf het. Vanuit die staanspoor was kandidate se antwoorde gelaai met ernstige wanopvattinge of misinterpretasies asook verwarring wat geheers het met die verskillende onderafdelings in die vraag. Tensy daar uitermatig goed voorberei word, moet kandidate liefse nie die tipe vraag beantwoord nie.

VRAAG 6 (TESTAMENTE)

Meestal redelik bevredigend beantwoord. Baie van die swakker kandidate was geheel en al verlore tussen wat hulle verstaan het in terme van die terminologie en funksies van die belangrike rolspelers wanneer dit by erfopvolging oftewel testamente kom.

Kandidate gebruik die terme "meester", "eksekuteur" en "erflater" te vryelik sonder om te nadenke te gee aan die werklike verwantskap en betekenis of funksie daarvan binne die konteks van testamente. Dit het groot verwarring veroorsaak en verwysings na spesifieke afdelings van die vraag het dit bykans onmoontlik gemaak om te merk. Oor die algemeen, teleurstellend.

Afdelings 6.1; 6.2 en 6.6 benodig ernstige aandag.

VRAAG 7 (AGENTSKAPPE)

Die doel van die gevallestudie was om die fokus te verskuif na die onderwerp en kandidate daarop te laat konsentreer.

Ongelukkig het hulle die punt gemis en, met enkele uitsonderings, deurentyd dele uit die gevallestudie woordeliks aangehaal. Afdeling 7.3 van die vraag is nie genoegsaam deur kandidate gedek nie. 'n Swak poging deur diegene wat die vraag aangedurf het.

VRAAG 8 (RETENSIEREGTE, PAND, VERBAND, BORGSKAP, VERHANDELBARE DOKUMENTE)

Meestal bevredigend beantwoord. Kandidate se werk het hulle kennis en begrip van die verskillende onderwerpe wat behandel is, reflekteer. Hierdie vraag moes in baie gevalle aan kandidate verligting gebring het.

VRAAG 9 (INSOLVENSIE)

Weereens 'n bondige gevallestudie om kandidate te laat konsentreer op die onderwerp. 'n Makliker vraag en heelwat kandidate het hoë punte behaal. Dit was 'n genotvolle vraag met baie van die vrae duidelik gemik op die inhoud van die situasie soos in die gevallestudie beskryf.